



SANDRA SE WESKUSHUIS

SKULPE, 'N VLEI VOL FLAMINKE, 'N GROT VIR STERRESLAAP, 'N KAT IN DIE SON EN VRIENDE OM 'N LIEFDESKOSTAFEL. SÓ HOU SANDRA PRINSLOO VAKANSIE. DEUR SARENDA ELOFF-VORSTER. FOTO'S DEUR DIRK PIETERS

Luister nou fyn," sê Sandra Prinsloo op pad oor die telefoon. "Waar die teerpad ophou, draai jy regs op 'n plaasgrondpad. Daar staan 'Geen toegang' op die hek; as die boer naby is, vra maar mooi of jy oor sy plaas kan ry. En onthou om die plaashekke agter julle toe te maak."

Haar huis sien jy van ver af. Dis 'n lang rooie met 'n grasdak en lapsel ruïne langs, en dit staan 'n vierklap van 'n vlei af waar 'n geroesemoes van flaminke in die water en tus-

sen die riete rondplons. Anderkant die vlei is wit sandduine, en anderkant dié die see.

Sandra wag ons voor die huis in. Sy is so klein! Jy verwag half 'n groot, fors vrou omdat sy onder ons land se mense al so bekend geword het vir die sterk rolle wat sy vertolk; haar sterke stem wat lag-lag 'n hele saal kan vul. En hier staan sy, klein en fyn. En sy't 'n kortbroek aan waaronder twee benydenswaardige bene uitsteek. ("Ag, issie, man," sê sy later, "dis Boerekuite dié.") Om haar voete skuur 'n wegloperkatjie wat twee dae gelede by haar ingetrek het.

Dis vakansie. Drie dae gelede is die laaste tonele van *Skilpoppe* klaar geskiet, die Afrikaanse film wat op Barry Hough se jeugverhaal ge-

grond is en waarin sy saam met Marius Weyers en Lizz Meiring die hoofrol vertolk.

Tussendeur het sy fasiliteringswerk vir 'n groot maatskappy gedoen wat haar daaglik van die een stad na die ander laat vlieg het, regoor die land. Sy's poegaai, sê sy en daarom het sy dadelik koers gekies hier na haar vakansiehuisie teen die Weskus op, waar sy met haar tone in die sand kan vroetel en glad nie nodig het om selfoonoproep te beantwoord nie. Bloot omdat hier nie iets soos selfoonopvangs is nie, "buiten op 'n heuweltjie so vyf minute se ry van hier af - en selfs dan is dit maar lap-lap".

Op pad het sy haar hartsvrinne by die lughawe opgelaa: Esther Nasser, die operasange-

A woman with blonde hair, smiling, stands on a rocky beach. She is wearing a white long-sleeved button-down shirt with a purple scarf tied around her neck, and white cropped trousers. She is holding a white bucket filled with fish. The background shows waves crashing against the rocks.

'VROEGOG-
GEND SAAM
MET DIE VISSER-
MANNE OP DIE
SEE WEET JY NIE
VAN 'N ANDER
LEWE NIE'



"soos om 'n bouer van voor af te leer bou".

Dit was sewe jaar gelede. Vandag voel dit vir haar asof sy in 'n baarmoeder bly wanneer sy in haar huisie kom afaal. En of die huisie rondom haar asemhaal, lewe.

En lewe lêwe die plek, veral wanneer sy met haar blinke Gauteng-motor voor die voordeur stop, die ou sederhoutvoordeur oopsluit, die hortjies oopgooi en die Weskuswind deur die huis voel warrel.

"Vandag gaan julle wéét dat julle in die Weskus is," sê Sandra terwyl Pascual agter sy boek opstaan en stelling in die kombuis inneem. Op 'n houttafel - eens 'n stryktafel êrens op 'n filmstel gewees - staan 'n stewige bak aartappels wat Pascual met die ingebore rustigheid van 'n Spanjaard nader trek en begin afskil.

"Die aartappels kom hier anderkant van Piketberg se kontrei af en is die lekkerstes wat jy kry. Die mossels het ek vanoggend vyfuur op die strand gaan pluk en die krewes kom ook van hier af," beduie Sandra soos sy haar sit kry.

Ja, wanneer sy hier is, is sy elke môre vyfuur uit op die see, saam met dié vissermanne op 'n bakkie, soos die klein visbootjies in hierdie geweste genoem word. Trouens, sy's in die proses om haar eie visbootjie te koop.

"Daai tyd van die oggend, uit op die see, wéét jy nie van 'n ander lewe nie. Jy gooi jou ronde kreefnets uit, jy laat sak en laat sak en wag. Soms is die see ru en die mis dig, soms is dit so oop en helder dat jy van die see af kan sien hoe die robbe op die strand lê en bak."

Sandra vertel sy het net die vorige dag, hoe-ka toe sy gaan mossels uithaal het, op 'n klein rob afgekom wat deur sy ma verstoot is. Hy was al swak van min kos. Sy het reiki op hom gedoen, eers van 'n afstand af en toe al nader, sonder dat hy onder haar hande uitgerol het. Vanoggend toe sy op die strand kom, was hy dood.

"Dis maar hoe die natuur werk. Dis wreed en dis wonderlik. Terwyl ek op die rotse gestaan het om hierdie biefliemossels te pluk, het die dooie rob aan die een kant gelê, en aan die ander kant, hier naby my, het vyftien swart tobies op die sand gestaan en pik-pik. Vyftien van hulle! Wanneer laas het jy net één swart tobie gesien?"

Van die kombuis se kant af kom daar skielik 'n reuk van knoffel wat knars in warm olie en Pascual wat bo die geroer uit die wonder van *garlic, oh, garlic* besing. Esther sing ook êrens in die huis, maar op die maat van Ishmail Lo wat op die agtergrond musiek maak.



DIS 'N HUIS WAAR HAAR VRIENDE
ALTYD WELKOM IS. ELKEEN WAT VIR
HAAR SPESIAAL IS, SAL HIER AANKOM
MET 'N IETSIE VIR 'DIE VENSTER VAN
WAARHEID'

Dis 'n huis-waar haar vriende altyd welkom is, sê Sandra. Elkeen wat vir haar spesiaal is, sal hier aankom met 'n ietsie vir die "venster van waarheid", 'n blok strooi wat oop gelos is en waarin die pasellas vasgesteek word. Vandag is daar 'n hand vol vere in.

"Wanneer ons hier is, het ons tyd om regtig oor dinge te praat; om goed te bespreek en te bepeins waaroor jy nooit andersins tyd voor het nie. Ons maak lekker kos en drink wyn hier van die Weskus af en dan praat ons. Dis so terapeuties dat hier al van my vriende in helikopters kom land het, hier neffens my huis, net om saam middagete te eet."

Sandra vertel van 'n ander keer se kuier toe sy en 'n vriendin gaan stap het en later op

'n rots in die son 'n uiltjie geknip het. Sy het wakker geword toe die molslang besig was om tussen haar en die vriendin deur te seil.

"Ek moes besluit of ek haar moet laat voortslaap of wakker maak en aansê om doodstil te lê, wat ek toe gedoen het. Daar skree sy toe so dat die slang hom omtrent bokveld toe skrik."

Pascual laat weet die kos is reg. Esther gooi 'n damastafeldoek oor die pragtige kombuistafel, wyn word geskink, en die beste van die Weskus word voorgesit in Sandra se kaffeehuise: mossels, maklik so groot soos 'n groot man se hand, krewes rooi en vars, en Spaanse tortilla van die kontrei se aartappels.

Cheers op die lewe! ☘



Vakansie op Sandra se manier

Waar doen jy inkopies? As ek dit nie self uithaal nie krewes by die vissermanne of die plaaslike hotel. Vars goed op Elandsbaai.

Wat maak jy bymekaar? Mosselskulpe wat ek self in die badkamervloer ingelê het; strooihoede vir die hoederak; vere, borsbene van voëls; ou gebruiksgoed soos 'n riempiesmaker wat nou koffietafel is; meulstene wat nou tafeltjies is.

Wat gee vriende vir jou? Pascual en Marilyn Martin het 'n gelukbringer vir die huis gemaak toe ons dit ingewy het. Dit hang nou nog bokant die kombuistafel. Verder bring almal ietsie vir die venster van waarheid.

Wat en waar eet julle? Vars kos uit die see, vars groente en vrugte uit die omgewing, wyn van die streek. Ek eet altyd in die murasie langs die huis - dit het so 'n anderwêreldse gevoel. Wanneer my ma hier is, vra sy altyd: "My kind, wanneer bou jy nou hier toe?" Dan sê ek vir haar: "Ma, Ma verstaan nie."

Gaan jy soms "uit" as jy hier is? Ek gaan slaap soms in 'n grot hier naby waarin daar Boesmantekeninge is. Ons het ook ons eie Pavarotti hier wat in die plaaslike pub sing - in Italiaans!

Hoe bly jy hier besig? Ek kyk voëls, soek veral witkruisarende; ek en my labrador stap lang ente; ek duik; kuier saam met die plaaslike inwoners wat al vriende geword het en ry met my 4x4 die berge in.

